Deur Phillip Oosthuizen

Resultate: *Bos Taurus* dubbeldoel – Simmentaler

Hou in gedagte dat die volgende groei- en voerinnamedata slegs vir die 2015 Sernick-projek geld en nie veralgemeen kan word nie. Die model is wel generies en kan deur enige voerkraal gebruik word deur hul eie unieke data in te voer.

Die gemiddelde daaglikse gewigstoename (GDT) oor die voertydperk was 1,97kg, terwyl die gemiddelde daaglikse voerinname 10,87kg was. Dit gee 'n voeromsetverhouding (VOV) van 5,53:1. 'n Ewekansige proefneming van tien diere is geneem op die winsmaksimerende voerperiode en geslag. Die gemiddelde uitslagpersentasie was 62%, met 'n gemiddelde karkasgewig van 349,89kg en 'n gradering van A2/3.

Winsmaksimerende model

Figuur 1 is die uitset van die winsmaksimerende model. Die totale veranderlike koste was R2,55/kg voer vir week 1-6, R2,80/kg voer vir week 7-15 en R2,90/kg voer vir week 16-30. Die karkasprys was R35/kg. *Figuur 1* wys dat die waarde van die marginale produk (vleis) meer is as dié van die marginale (veranderlike) koste tot week 27. Daarna is die marginale koste meer as die inkomste.

Op dieselfde punt raak die weeklikse (marginale) winsmarge negatief terwyl die bruto winsmarge maksimeer. Die winsmaksimerende voerperiode is op grond van hierdie kriteria bepaal. Volgens die produksiedata en 2015-prysscenario is die winsmaksimerende voerperiode dus 27 weke (189 dae). *Tabel 1* dui die alternatiewe winsmaksimerende voerperiodes vir verskillende prysscenario's aan.

Figuur 1: PMFP-model uitset om winsmaksimerende voerperiode aan te dui.



Tabel 1: Voerperiodes vir verskillende prysscenario's.

Karkasprys	R33	R34	R35	R36	R37
Voerprys	Week	Week	Week	Week	Week
R2,40	29	29	30	30	30
R2,60	28	28	29	29	29
R2,80	26	27	27	28	28
R3,00	24	25	26	27	27
R3,20	22	23	24	25	26

Lengte van voerperiode

Volgens *Tabel 1* verleng die voerperiode soos wat die karkasprys verhoog en raak dit korter soos wat die voerprys verhoog. Vir elke R3 wat die karkasprys verhoog, verleng die winsmaksimerende voerperiode met 1,2 weke. Vir elke R0,20 wat die voerprys verhoog, verkort die winsmaksimerende voerperiode met een week.

Die verskil in bruto winsmarge is R265,21 per bees. Dus maak die voerkraal R265,21 meer wins per bees deur volgens die winsmaksimerende voerperiode te voer.

Waar 'n voerkraal 10 000 beeste voer, sal hulle dus R2 652 100 meer wins per siklus kan genereer en teen 1,9 siklusse per jaar sal R5 038 990 miljoen meer wins per jaar gemaak word.

'n Voerkraal kan addisionele wins genereer deur Simmentaler-diere 56 dae langer as die normale voerperiode te voer.

Addisionele wins

Volgens die resultate kan 'n voerkraal addisionele wins genereer deur hierdie diere 56 dae langer te voer as die normale voerperiode. *Tabel 1* dui aan dat prysveranderinge 'n invloed het op die winsmaksimerende voerperiode en in ag geneem moet word.

Vir meer inligting, kontak Phillip Oosthuizen by phil.oosthuizen@gmail.com.

Projekvennote: Universiteit van die Vrystaat se Departemente Landbou-ekonomie, Veekunde en Voedselwetenskap, sowel as die Sernick-groep, die Landbounavorsingsraad (LNR) en *Veeplaas*.

Alle resultate van die Sernick Presisie-afrondingsprojek wat in *Veeplaas* verskyn, is afkomstig van die projek se unieke omstandighede en uitleg. Die resultate word nie veralgemeen nie en is bloot die waarnemings in hierdie projek. Klimaat en hantering kan 'n groot invloed op die prestasie van voerkraalbeeste hê. Hou ook in gedagte dat hierdie proefdiere weekliks gehanteer is om die nodige data te versamel. VP